Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 06 Feb 2018
Page: 16

AVE: 43537.12
Circulation: 41286
Part: 1 of 1






**Theo Maree van Tuks word deur Christiaan Humphries (links) van Wits en 'n spanmaat beetgekry in gisteraand se Varsitybeker-wedstryd in Johannesburg. Wits het die spannende wedstryd gewen.** Foto: GALLO IMAGES

# Wits bring Tuks hard af aarde toe

**Wim Pretorius**

Die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) het gisteraand in Johannesburg die Universiteit van Pretoria (Tuks) sy tweede nederlaag in soveel weke op die lyf gejaag deur hom met 25-19 te klop in die tweede ronde van die Varsitybeker.

Die verdedigende kampioen is verlede week hard terug aarde toe gebring toe hulle in hul agterplaas in gietende reën teen die Shimlas vasgeval het. Wits, in teenstelling, het vir die eerste skok gesorg deur die Ikeys met 30-26 te klop.

Wits het reeds tot dusver vanjaar gewys hulle is besls niemand se slaansak is nie.

Die Wits-losskakel, Christian Humphries, en die heelagter, Tyrone Green, was die argitekte van Tuks se ondergang.

Humphries het die wedstryd soos 'n generaal beheer en sy taktiese spel was eindelik die verskil tussen die twee spanne, met Green wat soos 'n besetene op die verdediging geduik het.

Die Tuks-buitesenter, Toko Seerane, het eerste bloed getrek toe hy agter die doellyn gaan kuier het.

Wits het kort hierna teruggeslaan met 'n sewepuntdrie deur die buitesenter, Sicelo Champion, wat sy familienaam gestand gedoen het

Dit was 'n wipplankstryd tot diep in die tweede helfte voordat Wits die knoop deurgehak het.

■ **Puntemakers: Wits 25 (18): Drieë:** Sicelo Champion (sewe), Kwanele Ngema (sewe), Bin Daniel Kapepula (vyf). **Doelskoppe:** Christian Humphries (3).

**Tuks 19 (14): Drieë:** Toko Seerane (vyf), Xolisa Guma (vyf, vyf). **Doelskoppe:** Tinus de Beer (2)

■ Die Maties se Maroen-masjien het gisteraand in Stellenbosch na 'n hoër rat oorgeskakel toe hulle die Shimlas met 56-21 afgeransel het, berig **George Germishuys.**

Die Maties het vroeg reeds met hul fisieke benadering en aggressiewe stormlope die tempo van die stryd bepaal en twee keer in die eerste 15 minute agter die doellyn gaan kuier. Die keur hiervan was beslis Edwill van der Merwe se drie.

Melding moet gemaak word van Maties se dinamiese 9, 10, 12 aanvallende spilpunt, wat bestaan uit Remu Malan, Chris Smith en Chris Smit, wat deurentyd teen 'n hoë tempo die regte besluite neem en die verdediging aan die raai hou. Al drie is ook derduiwels in gebroke spel.

Shimlas was moedig en ondernemend, maar Maties se fisieke krag was net te veel.

■ **Puntemakers: Maties 56 (33) Drieë:** Ernst van Rhyn, Edwill van der Merwe, Duncan Saal (7 punte x3), Chippie Oelofse, Chris Smith. **Doelskoppe:** Smith (5), Reinhardt Fortuin. **Strafdoel:** Smith.

**Shimlas 21 (14) Drieë:** Saida Xamlashe (2), Athi Halom. **Doelskoppe:** Lubs Dobela, Charl Naude (2).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.